# ROOIHEUWEL NOORD - BOTRIVIER - 2022

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Rooiheuwel na Sentinel hill | **DATUM:** | 19-03-2022 |

**KOMMENTAAR**

Ons was 9 stappers wat hierdie mooi roete op die plaas in Botrivier gaan stap het. Na die admin afgehandel is klim ons oor heinings om die paadjie berg op te volg. Die weer is heerlik koel en almal gesels lekker saam. Die steil paadjie wat gelukkig zig-zag is aanhoudend en flous jou op die eerste hoogte, want agter die bult is nog 'n opdraend. Ons stop vir 'n vinnige koffie by die laaste skuiling agter rotse waarna ons die laaste bult gryp. Met die wind onder ons blaaie is ons sommer vinnig bo en word rugsakke afgegooi en sit ons sommer plat op die grond agter rotse vir n ordentlike ruskans, om die innerlike te voed en weer krag te kry vir die aanhoudende af. Wat op gaan moet weer af. Ons het 360 grade uitsigte wat tot doer in die toekoms kyk. Ons sien Constantiaberg, Theewaterskloof, Caledon en Botrivier soos ons in die rondte draai, en dit is net mooi. Ons begin lui-lui die afdraende aan te pak en halfpad af begin ons bene te bewe en los klippe maak dat ons mooi moet konsentreer. Ons is bly om onder te kom en speel bietjie met die plaas hond wat ons vriendelik inwag. Ons gaan drink ietsie koel onder in Botrivier by die Shuntin Shed waarna ons groet en almal huiswaarts terugkeer. Dankie aan almal wat saamgestap het, lekker gesels, lekker lag en ook vir Niel se stapleiding. Klimhoogte 653m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Niel Visser | 2022006 | R 5 | 10 | |
| Sharon Visser | 2022005 | R 5 | 10 | |
| Michael Smuts | 2022057 | R 5 | 10 | |
| Estelle Smuts | 2022048 | R 5 | 10 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 5 | 10 | |
| Waldimar Smuts | 2022049 | R 5 | 10 | |
| Estelle Zietsman | 2022018 | R 5 | 10 | |
| Edna Terblanche | 2022010 | R 5 | 10 | |
| Amanda Matthee | 2022015 | R 5 | 10 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 45** | **90** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Niel dra eie sakkie |
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Sharon Visser |